Pietersburg Fotografie klub
Huishoudelike Reëls

Soos gewysig en aanvaar tydens ’n Bestuursvergadering gehou op 12 Maart 2018. Hierdie reëls vervang alle vorige reëls.

Inhoud

..... 1

AFDELING A: ALGEMEEN 5

1. KLUB VERGADERINGS 5
2. FOTOGRAFIE UITSTAPPIES 5
3. WERKSWINKELS 5
4. KOMPETISIES & EVALUERING VAN WERK 5

4.1. Algemeen 5

4.2. Kompetisies in gewone maandelikse inskrywings 6

4.3. Die kompetisies in voorgeskrewe onderwerp 6

4.4. Oudiovisuele (OV) produksies 6

4.5. Kategorieë 7

4.6. Spesiale kategorie – Galery foto's 7

5. Inskrywings – slegs eie werk 7

5.1. Algemeen 7

5.2. Digitale beelde 7

6. INSKRYWINGSPROSEDURE 8

6.1. Inskrywings van digitale beelde 8

6.2. Inskrywings van oudiovisuele produksies 8

7. INSKRYWINGS: TITEL & INLIGTING 8

7.1. Digitale beelde 8

7.2. Oudiovisuele produksies 9

8. VOORSKRIFTE T.O.V. DIGITALE BEELDE EN VERWERKING DAARVAN 9

8.1. Definisie van Digitale Beeld 9

8.2. Digitale manipulasie en toelaatbare prosesse 9

9. INSKRYWINGS – VOORLEGGING 11

9.1. Digitale beelde 11

9.2. Oudiovisuele produksies 12

10. INSKRYWINGS 12

10.1. Gewone maandelikse werk 12

10.2. Voorgeskrewe onderwerpe 12

10.3. Spesiale voorgeskrewe onderwerpe en kompetisies 13

10.4. Oudiovisuele produksies 13

11. KLUBPUNTE 13

12. INSKRYWINGS – HERHALINGS 13

12.1. Herhaling van inskrywings/werk 13

12.2. Herhaling van beelde in verskillende werk 14
12.3. Herhaling van foto's of inskrywings in geval van diskwalifikasie 14
12.4. Galery foto's 14
AFDELING-B: PROMOSIE SISTEEM EN BEOORDELING 15
13. ALGEMEEN 15
14. NUWE LEDE & AFDELINGS 15
14.1. Nuwe Lede 15
15. BEOORDELING & BEVORDERING 15
15.1. Beoordeling en bevordering t.o.v. foto afdelings 15
15.2. Beoordeling en bevordering t.o.v. oudiovisuele (OV) produksies 16
16. PUNTETOEKENNING T.O.V. BEVORDERING 17
17. KLUB BEOORDELING 18
17.1. Paneel van beoordelaars 18
17.2. Toekennings en diskwalifikasie 19
17.3. Advies en kommentaar 20
17.4. Aanwys van klas- en maand wenners 20
18. KATEGORIEË & TOEPASSING 20
18.1. Kategorieë 20
18.2. Definisies en verdere toepassing 20
18.3. Ander definisies en toepassing Monochroom (swart & wit) foto: 23
19. VORDERING TYDENS BEOORDELING 23
20. DUBBELE INSKRYWINGS 23
21. FAKTORE BY BEOORDELING 24
21.1. Beelde 24
21.2. Oudiovisuele produksies 25
22. OORDRAG VAN SALON PUNTE 26
23. SALON AANVAARDINGS 26
23.1. Aanmelding. 26
23.2. Punte toekenning 27
24. OUDIOVISUELE REEKS 27
25. MINI-REEKS 27
26. DEELNAME 27
AFDELING C: JAARLIKSE KOMPETISIES 28
27. JAAREINDE KOMPETISIE 28
28. KLUB TOEKENNINGS 28
29. KRITERIA VIR SEKERE TOEKENNINGS 29

29.1. Nuusfoto van die jaar 29
29.2. Mini-reeks kompetisie 29
29.3. Oudiovisuele produksie 29
29.4. Beste fotograwe in afdelings 29
29.5. Salonkampioen 30
29.6. PFK Fotograaf van die jaar 31
29.7. Voorgeskrewe onderwerp wenner van die Jaar 32
29.8. Toekennings vir beste beelde: Junior en Senior ster klas wenners. 32
29.9. Toekennings vir beste beelde: 32
Beste beeld in elke kategorie asook algehele wenners 32
29.10. Mees veelsydige fotograaf 33
29.11. Beste vordering in die klub 33
29.12. Kudu Trofee: 33
29.13. Chairman's Cup: 33

AFDELING A: ALGEMEEN

1. KLUB VERGADERINGS

Klub vergaderings word op die derde Donderdag van elke maand (uitgesonder Desember- maande) gehou op ‘n tyd en plek soos deur die Bestuur aangekondig.

Met inagneming van openbare vakansiedae en langnaweke, en in uitsonderlike gevalle, kan die Bestuur die klub vergadering uitstel en vir daardie doel kan hy die datum, tyd en plek bepaal van so ‘n vergadering en die lede daarvan dienooreenkomstig inlig.

2. FOTOGRAFIE UITSTAPPIES

Die Bestuur sal na goeddunke van tyd tot tyd fotografie uitstappies reël.

3. WERKSWINKELS

Die Bestuur sal na goeddunke van tyd tot tyd fotografie werkswinkels reël vir die onderrig van lede.

Vir die doel van opleiding en werkswinkels kan die bestuur van sy klublede se kundigheid gebruik maak, maar kan daar ook van eksterne persone (persone wat nie lede van die klub is nie) gebruik gemaak word en kan sulke persone selfs vergoeding vir hulle dienste ontvang.

4. KOMPETISIES & EVALUERING VAN WERK

4.1. Algemeen

Tydens maandelikse klub vergaderings kan klublede meeding teen mekaar en hulle werk word deur ‘n paneel van beoordelaars geëvalueer. Hierdie evaluasie en kompetisies word ook in berekening gebring ten einde die jaarlikse trofees toe te ken, asook om elke lid se vordering en gradering in die klub te bepaal.

Kompetisies sal tydens alle gewone klub vergaderings gereël word en bestaan uit twee dele, nl.: Gewone maandelikse inskrywings/kompetisie; en Voorgeskrewe Onderwerp(e) kompetisie.

Beoordeling van oudiovisuele (OV) produksies sal tydens spesiale byeenkomste plaasvind.

4.2. Kompetisies in gewone maandelikse inskrywings

Die kompetisie in gewone maandelikse werk/inskrywings bestaan uit die volgende afsonderlike maar parallelle afdelings soos hieronder getoon. Die maksimum inskrywings per afdeling wat elke lid mag inskryf, word teenoor die afdeling getoon, naamlik:

Medium	**Afdeling**	**Subafdeling**	**Maksimum Hoeveelheid Inskrywings Per Afdeling**
Geprojekteerde beelde	Digitale Beelde	Kleur	3
		Monochroom (swart & wit)	3

Punte sal hier aan alle inskrywings toegeken word en by die puntetotaal van ‘n lid getel word.
T.o.v. die Digitale Beelde Afdeling, sal alle punte en toekennings verdien, geld vir die lid se vordering in die Digitale Beelde Afdeling**.**

4.3. Die kompetisies in voorgeskrewe onderwerp

Maandeliks vind daar ook ‘n kompetisie in ‘n voorgeskrewe onderwerp plaas. Die Bestuur bepaal die onderwerpe wat interessante onderwerpe en toepassing van fotografiese tegnieke behels.

Onder normale omstandighede vind beoordeling onder die ope afdeling plaas soos hieronder in 18.2 beskryf, tensy daar ander voorskrifte gegee word, of die spesifieke definisie van die onderwerp andersins aandui.

‘n Lid kan in enige een van die mediums of afdelings soos hierbo in Klousule 4.2 beoog inskryf, solank as wat hy/sy slegs 1 inskrywing inskryf. Indien ‘n spesifieke medium of kategorie voorgeskryf word, word slegs in daardie medium of kategorie meegeding.

Beoordelaars ken ook die punte toe soos in Klousule 15 beskryf. Punte sal hier aan alle inskrywings toegeken word en by die puntetotaal van die lid vir elke afdeling waaronder die foto sorteer, getel word.

Met betrekking tot hierdie kompetisie word daar maandeliks ‘n wenner aangekondig.

Anders as in die geval van die ander kompetisies, sal die lede teenwoordig by die maandbyeenkoms, die algehele wenfoto aanwys, wat gekies word uit alle beelde wat daardie byeenkoms vir die onderwerp ingeskryf is, nieteenstaande die stergradering van lede of punte verwerf. Voorts, sal geen punte tydens beoordeling uitgelees word nie, sodat lede sonder enige invloed van punte deur beoordelaars toegeken, beïnvloed kan word nie. Die punte kan wel na afloop van die aanwys van die wenner, uitgelees word.

4.4. Oudiovisuele (OV) produksies

Tydens die byeenkomste wat gereël word vir Oudiovisuele produksies, kan ‘n lid soveel aanbiedings inskryf as wat hy wil.

Omdat Oudiovisuele produksies baie tydrowend is en baie werk vereis, word daar nie van lede verwag om noodwendig oudiovisuele produksies te doen nie.

4.5. Kategorieë

Die ses (6) kategorieë van toepassing op alle afdelings hierbo vermeld en waarvolgens kompetisies en evaluering in die klub plaasvind, is die volgende:

- Natuur;
- Wilde Natuurlewe;
- Fotojoernalistiek;
- Portret;
- Ope (toneel);
- Reis; en
- Kontemporêr (abstrak).

4.6. Spesiale kategorie – Galery foto's

'n Lid kan ook foto's uit enige afdeling (monochroom of kleur) en kategorie (bv. Natuur) inskryf slegs vir die doel om sy/haar werk met ander lede te deel tydens die maandbyeenkoms of enige ander spesiale byeenkoms, en nie vir die doel van beoordeling of bevordering nie, of slegs om raad en advies in te win of vir bespreking.

Die lid moet egter vooraf kennis aan die Voorsitter gee of enige bespreking verwag word, anders sal die beelde slegs vertoon word en die outeur van die beelde bekend gemaak word.

Vir inskrywing vir hierdie doel sal daarna verwys word as "Galery" foto's

Sulke beelde mag dan ook later wel in enige klubkompetisie of Salonne ingeskryf word.

Die beelde mag selfs in die vorm van 'n oudiovisuele produksie of foto-reeks aangebied word.

5. <u>Inskrywings – slegs eie werk</u>

5.1. Algemeen

Alle beelde in alle mediums wat ingeskryf word en/of vir klub doeleindes gebruik word, moet uitsluitlik die werk van die fotograaf wees.

Enige beelde wat die lid enige tyd geneem het, mag in sy/haar werk gebruik word, onderworpe aan ander reëls en riglyne hierin gestel.

5.2. Digitale beelde

Vir doeleindes van foto's in die Digitale Beelde Afdelings, moet alle verwerkings daarvan, ingesluit verwerking met rekenaarsagteware t.o.v. verwerking en verbetering van 'n beeld/foto, en selfs manipulasie van 'n beeld in gevalle waar dit gemagtig word, asook die stoor ("save") en benaming van lêer/beelde asook

elektroniese versending (e-pos) daarvan, die werk van die lid wees.

Die verwerking van foto's op rekenaar sagteware vir die medium van digitaal geprojekteerde beelde, word geag die moderne "donkerkamer" van die fotograaf te wees en daarom moet die lid self alle verwerkings doen.

Verdere voorskrifte rakende digitale beelde word hieronder in Klousule 8 behandel.

6. INSKRYWINGSPROSEDURE

6.1. Inskrywings van digitale beelde

Inskrywings van beelde vir die maandelikse kompetisies in die Digitale Beelde Afdeling, moet die Dinsdag voorafgaande die kompetisie as volg ingeskryf word:

- Op die "*Photo Vault Online"* webtuiste by: http://www.photovaultonline.com
- Per kategorieë soos op die webtuiste voorsien.

Dit word vereis dat gebruikers van die webtuiste eers registreer alvorens beelde opgelaai en ingeskryf kan word. Lede moet dus die prosedure volg soos voorgeskryf op die betrokke webtuiste en onder voorsiening vir "Pietersburg Fotografie klub" bv. onder "*My Clubs" – "Pietersburg Fotografie Klub April 2015".*

Vir doeleindes van die twee verskillende sub-afdelings t.o.v. digitale beelde, nl. kleur- en monochroom beelde, maak die inskrywings kategorieë in "PhotoVault" reeds afsonderlik voorsiening daarvoor.

LW! Die definisies van kategorieë soos verskaf in "*Photo Vault Online"* is slegs 'n opsomming. Vir doeleindes van interpretasie word die definisies, soos in hierdie reëls voorsien, geag as korrek.

6.2. Inskrywings van oudiovisuele produksies

'n Oudiovisuele produksie word ingeskryf gedurende geskeduleerde sessies vir hierdie doel. Dit word nie tydens normale maandbyeenkomste geëvalueer nie, mits daar uitsonderlike omstandighede bestaan.

Die lid wat 'n oudiovisuele produksie inskryf, doen dit deur die wedstrydsekretaris of bestuurslid verantwoordelik vir vertoning van oudiovisuele produksies, in kennis te stel en die nodige "CD" of "DVD" of "flash disk" met die aanbieding daarop, te oorhandig soos elders hierin voorgeskryf.

Die nodige vorms vir hierdie doel word deur die wedstrydsekretaris en beoordelaars voltooi.

7. INSKRYWINGS: TITEL & INLIGTING

7.1. Digitale beelde

Die digitale beeld moet van 'n titel voorsien word soos vereis op die "Photo Vault Online" webtuiste by: http://www.photovaultonline.com en die lid moet sorg dat dit onder die korrekte kategorie, bv. "Monochrome Open" ingeskryf word. Die webtuiste genereer outomaties die korrekte lêerbenaming vir die klub administrasie

doeleindes.

Die fotograaf moet egter seker maak dat sy/haar persoonlike besonderhede korrek op die webtuiste aangebring is en gereeld op datum gehou word, veral m.b.t. die verandering van sterklas gradering, aangesien hierdie inligting outomaties gegenereer word vir klubadministrasie doeleindes tydens die inskrywing daarvan.

7.2. Oudiovisuele produksies

Die inskrywing van ‘n OV-reeks produksie moet op ‘n geheue stokkie (“flash disk”) ingedien word met die volgende inligting op die buitekant daarvan aangebring: nl.:

- Die outeur/lid se van en naam (bv. Jan Botha);
- Sterklas-gradering van outeur/lid (bv. 1 Ster);
- Titel van die OV-reeks bv. “My trip to Australia”; en
- Tydsduur van die aanbieding in minute en sekondes. (bv. Tyd: 7min. 32 sek.)

8. VOORSKRIFTE T.O.V. DIGITALE BEELDE EN VERWERKING DAARVAN

Benewens die ander voorskrifte oor die inskrywing en aanbieding van digitale beelde in die klub, word die volgende riglyne in hierdie verband neergelê. Die Bestuur sal verder poog om hierdie reëls relevant te hou en ooreenkomstig die FVSA voorskrifte en standaarde.

8.1. Definisie van Digitale Beeld

‘n Digitale Beeld kan gedefinieer word as ‘n twee-dimensionele, reghoekige reeks statiese data-elemente wat “pixels” genoem word en op ‘n rekenaarskerm of met behulp van ‘n projektor vertoon word. Beelde kan op tradisionele film met ‘n kamera vasgelê word en daarna met behulp van ‘n skandeerder in ‘n elektroniese formaat verander word, of dit kan direk met behulp van ‘n digitale kamera elektronies verkry/vasgelê word.

Die digitale beeld wat deur die lid/fotograaf voorgelê word moet oorspronklik wees en mag nie enige element insluit wat deur enige iemand anders as die fotograaf/lid self geproduseer is nie. Alle verwerkingsprosesse van die beeld moet deur die fotograaf/lid self uitgevoer word.

8.2. Digitale manipulasie en toelaatbare prosesse

Digitale beeld manipulasie is die verandering van ‘n beeld of die werklikheid daarvan, deur gebruik te maak van rekenaar sagteware programmatuur ten einde ‘n beeld of gewysigde weergawe daarvan te produseer, wat gewoonlik ‘n nuwe betekenis aan die beeld verleen.

‘n Gemanipuleerde beeld is ‘n beeld waar die waarheid verander is en dus nie ‘n akkurate weergawe uitbeeld van wat die fotograaf afgeneem en/of gesien het nie.

Die byvoeging en verwydering, kloning, herrangskikking of kombinering van elemente in ‘n beeld/foto, is sterk komponente van manipulasie. Enige weglating of verwydering van elemente is dus manipulasie, selfs die verwydering van ‘n grassie, takkie of ‘n telefoonpaal, word geag as manipulasie.

Die beeld/foto moet dus ‘n resultaat wees van ‘n enkele beligting (“exposure”) deur die kamera geneem.

Soos in die verlede waar dit moontlik was om ‘n foto te manipuleer tydens die afdruk proses, is dit deesdae makliker om digitale beelde te manipuleer. Dit is geen nuwe verskynsel nie.

Nadat ‘n digitale beeld vasgelê is soos hierbo in Klousule 8.1. beskryf, mag dit egter verder digitaal verwerk word (“digital image editing”) met behulp van ‘n rekenaar en rekenaarsagteware.

In die moderne era van fotografie vorm dit ‘n noodsaaklike deel van fotografie, waarsonder digitale beelde nie aangebied kan word sonder die nodige digitale verwerking (“editing”) en verbetering (“enhancement”) nie.

Verwerking en verbetering van beelde met behulp van rekenaars en –sagteware programme bv. “Photoshop” moet egter deur die lid self gedoen word, soos in die geval van fotograwe se eie donkerkamers in die verlede.

Alhoewel lede/fotograwe aangeraai word om versigtigheid aan die dag te lê, word die volgende tegnieke en prosesse wat deur sagtewareprogrammatuur nageboots word, nie geag as manipulasie nie, nl.:

- “*dodging*” en “*burning*”;
- Die gebruik van filters.
- Die verstelling van die wit balans (“*auto white balance*”)
- Die verandering van ‘n kleurbeeld na ‘n monochroom (swart & wit) beeld.

FVSA-riglyne - Toelaatbare prosesse:

Nieteenstaande bogenoemde sal die volgende prosesse en verwerking van ‘n digitale beeld, nie geag word as “digitale manipulasie” te wees nie, nl.:

Gewone prosesse:

- Verstelling/korreksie van die kleurbalans;
- Verwydering van stofdeeltjies en krapmerke op geskandeerde beelde;
- Verstelling/korreksie van beligting en kontras, ingesluit die prosesse van “*dodging*” en “*burning*”
- Verstelling/korreksie van kleur saturasie/-versadiging (“*colour saturation*”);
- Skerpmaak (“*sharpening*”) van beeld;
- Kortknip (“*cropping*”) van beeld;
- Rangskikking van grootte/afmetings (“*resizing*”).

Spesiale uitsondering:

- In die geval van Natuur en Wilde Natuurlewe, sal *“HDR”, “Stitching”* van panoramas en “*Focus Stacking*” ook nie as manipulasie geag word nie en mag daarom gebruik word, onderworpe daaraan dat die eindproduk ‘n ware en egte verteenwoordiging van die oorspronklike toneel is wat die fotograaf waargeneem het.
- Let wel, *“HDR, “Stitching”* en “*Focus Stacking*” word nie in Fotojoernalistiek

toegelaat nie.

Behalwe bogenoemde prosesse, mag geen digitale manipulasie van beelde in die volgende Afdelings soos in Klousule 18 hieronder bedoel, gedoen word nie, nl.:

- Natuur afdeling;
- Wilde natuurlewe afdeling;
- Foto joernalistieke afdeling; en
- Reis afdeling.

Die Bestuur en paneel van beoordelaars behou die reg voor om ‘n lid te versoek om die oorspronklike beeld soos m.b.v. ‘n digitale kamera of skandeerder verkry, voor te lê.

Alhoewel daar tans meningsverskille ten opsigte van digitale manipulasie bestaan en daar nie werklik vaste reëls hieroor deur die FVSA-voorgeskryf word nie, kan die Bestuur met inagneming van hierdie reëls en in terme van Klousule 6.3.3 van die klub se Grondwet, ’n lid se lidmaatskap beëindig indien daar bevind word dat ‘n lid doelbewus oneties opgetree het deur manipulasie van ‘n beeld in gevalle waar dit ontoelaatbaar is.

Gevalle waar digitale manipulasie wel toelaatbaar is

Digitale manipulasie van beelde word wel in die volgende afdelings toegelaat, nl.:

- Ope (toneel) afdeling;
- Portret afdeling; en
- Kontemporêre (abstrakte) afdeling.

In bogenoemde afdelings mag lede die beelde wel manipuleer en hoef die beeld nie noodwendig ‘n ware of akkurate weergawe van die oorspronklike foto geneem, te verteenwoordig nie.

Die byvoeging of verwydering van elemente binne die beeld is wel in hierdie afdelings toelaatbaar. In hierdie geval sal die verwydering van ‘n grassie, takkie of ‘n telefoonpaal, wel gedoen kan word.

Die samevoegings van twee of meer beelde ten einde ‘n nuwe toneel te skep, is ook toelaatbaar.

‘n Goeie wenk: Fotograwe moet onthou dat dit beter is om beelde wat nie gemanipuleer is nie eerder in die Natuur afdeling in te skryf soos byvoorbeeld; ’n landskap of diere. Die ope afdeling is meer van pas vir beelde waar die beoordelaars kan sien, sonder om te wonder, dat die beeld gemanipuleer is.

9. INSKRYWINGS – VOORLEGGING

9.1. Digitale beelde

Die standaarde wat die klub gebruik is gegrond op FVSA voorskrifte wat ook tydens salonne gebruik word.

Alle digitale beelde wat in die klub aangebied word moet in die “*Joint Photographic*

Experts Group" (JPEG)-formaat wees.

Die grootte van die lêer vir 'n digitale beeld mag nie 2000kB (*Kilo Byte*) en 1920 x 1080 "*pixels*" oorskry nie.

Horisontale beelde mag nie 1920 *pixels* op die horisontale as en 1080 *pixels* op die vertikale as oorskry nie.

Vertikale beelde mag nie 1080 pixels op die vertikale as oorskry nie. Die horisontale as behoort kleiner en outomaties korrek te wees.

Enige digitale beeld wat hierdie standaarde oorskry sal gediskwalifiseer word en nie erken word vir beoordeling nie.

'n Goeie wenk: Daar word verder aanbeveel dat die beeld omgeskakel word na die sRGB- kleur profiel ten einde te verseker dat die korrekte kleure getoon word tydens evaluasie. Die klub sal op sy beurt poog om te verseker dat toerusting tydens projeksies gekalibreer is ten einde korrekte kleure weer te gee.

9.2. Oudiovisuele produksies

Alle digitale beelde wat in 'n Oudiovisuele (OV)-reeks [*Audio Visual (AV)* in Engels] gebruik word, moet voldoen aan die vereistes soos hierbo in Klousules 4.4, 5.2 en 6.2 gestel.

Sien ook Klousule 15.2 hieronder.

Lede moet verkieslik die OV-reeks produksie op 'n geheue stokkie ("flash disk") indien.

Die OV-aanbieding moet op 'n self-aangedrewe uitvoerbare lêerformaat ("*self running executable file*"; "*.exe* file") geskryf wees sodat dit sonder gebruikmaking van afsonderlike vooraf geïnstalleerde sagteware vertoon kan word.

Die Bestuur neem geen verantwoordelikheid as die aanbieding en/of vertoning van 'n OV reeks nie kan plaasvind of behoorlik speel weens programmatuurfoute nie.

10. INSKRYWINGS

10.1. Gewone maandelikse werk

Elke lid mag elke maand (soos ook aangetoon in Klousule 4 hierbo) die volgende beelde inskryf, nl.:

'n maksimum van drie (3) inskrywings/werke/beelde in elk van die Geprojekteerde Beelde Afdelings, m.a.w. 3 beelde in monochroom sub-afdeling en 3 beelde in kleur sub-afdeling.

10.2. Voorgeskrewe onderwerpe

Benewens inskrywings in klousule 10.1 vermeld, word daar maandeliks 'n Voorgeskrewe Onderwerp/e deur die Bestuur bepaal, en vir hierdie doel mag elke lid ook een (1) inskrywing/beeld inskryf.

Daar mag dus die gevalle wees waar ‘n spesifieke voorgeskrewe onderwerp nie moontlik onder ‘n spesifieke afdeling is nie, byvoorbeeld indien die tema “Kleure” is kan dit tog nie onder die Monochroom afdelings ingeskryf word nie. In hierdie geval kan die lid nie onder hierdie afdeling inskryf nie.

Beoordeling geskied hoofsaaklik in die Ope Kategorie (sien klousule 18.2), maar onderhewig aan enige spesifieke voorskrifte en definisies wat verband hou met die onderwerp. In hierdie geval mag die voorskrifte aandui dat geen digitale manipulasie (Klousule 8.2) aan die foto gedoen mag word nie, en daarvoor sal die normale definisie van die Ope Kategorie nie geld nie.

10.3. Spesiale voorgeskrewe onderwerpe en kompetisies

Benewens inskrywings in klousules 10.1 en 10.2 vermeld, kan die Bestuur ook spesiale maandelikse Voorgeskrewe Onderwerp/e bepaal, soos in die geval van streek- of nasionale kongresse of ander kompetisies, bv. die Noord Oostelike Provinsies (NOP)-streeks kongres. Vir hierdie doel en ten einde voldoende beeld materiaal te versamel, sal die Bestuur die aantal inskrywings en afdelings bepaal van werk wat elke lid kan inskryf.

10.4. Oudiovisuele produksies

Tydens die spesiale byeenkomste wat gereël word vir OV-reeks produksies, kan ‘n lid soveel aanbiedings inskryf as wat hy wil.

Omdat oudiovisuele produksies baie tydrowend is en baie werk vereis, word daar nie van lede verwag om noodwendig oudiovisuele produksies te doen nie.

Galery foto’s of OV-produksies

Die foto’s of OV- produksies vir hierdie doel word beperk tot die omvang van die aand se verrigtinge, maar ‘n lid is onbeperk tot die aantal beelde in hierdie verband. Dit sal egter verwag word dat ‘n lid die Voorsitter ten minste 48 uur voor die byeenkoms kennis gee van so ‘n inskrywing. Hierdie foto’s word nie op “PhotoVault online” ingeskryf nie, maar in die formaat en wyse deur die bestuur verlang.

11. KLUBPUNTE

Die wedstryd sekretaris sal alle inskrywings gemeld in Klousules A9 en A10 hierbo en punte deur lede vir hierdie werk verdien, sal in die klub se rekords aangeteken word.

12. INSKRYWINGS – HERHALINGS

12.1. Herhaling van inskrywings/werk

'n Beeld (afdruk of geprojekteerde beeld) van ‘n outeur/lid wat reeds eenkeer vir enige kompetisie van die klub ingeskryf is, mag nie weer ingeskryf word nie.

‘n Lid mag egter ‘n beeld by die klub inskryf wat reeds by ‘n salon ingeskryf is, maar nog nie by die klub nie.

12.2. Herhaling van beelde in verskillende werk

Dieselfde beeld mag nie meer as eenmaal onder enige afdeling ingeskryf word nie, tensy verskillende prosesse of tegnieke (verwerkings) gebruik word om die foto te produseer.

'n Beeld wat in 'n OV-reeks gebruik is, mag weer in enige ander kategorie ingeskryf word en andersom.

12.3. Herhaling van foto's of inskrywings in geval van diskwalifikasie

Dieselfde beeld mag nie meer as eenmaal onder enige afdeling ingeskryf word nie, mits die inskrywing onder 'n spesifieke afdeling gediskwalifiseer was. Byvoorbeeld, indien die lid die beeld as voorgeskrewe onderwerp ingeskryf het maar gediskwalifiseer is weens foutiewe interpretasie van die onderwerp, mag die beeld 'n volgende keer in die normale kompetisie of soortgelyke voorgeskrewe onderwerp kompetisie ingeskryf word.

Grasie met interpretasie van onderwerpe sal veral verleen word aan die junior lede van die klub, m.a.w. 1- tot 3-ster werkers/lede.

12.4. Galery foto's

Dieselfde beelde wat in 'n aanbieding van Galery foto's gebruik word, mag wel weer vir enige ander kompetisie gebruik en ingeskryf word, aangesien die beelde nie werklik beoordeel word of punte daarvoor toegeken word onder die kategorie van Galery foto's nie. Die outeur moet egter bewus wees dat beoordelaars wel die foto's mag onthou wat tot sy/haar nadeel kan strek.

Die foto's in hierdie kategorie mag wel deur die klub gebruik word vir ander kompetisies soos bv. die NOP-Streekkongres.

AFDELING-B: PROMOSIE SISTEEM EN BEOORDELING

13. ALGEMEEN

Die stergraderingsisteem, soos aanbeveel deur die Fotografiese Vereniging van Suid- Afrika (FVSA) en ook aanvaar deur die Noord-Oostelike Provinsies (NOP) streek, word deur klub gebruik.

Kortliks behels dit die vordering vanaf 1-ster tot 5-sterklas, gevolg deur die Magisterklas.

In die Magisterklas word die lid vir sy/haar vordering vergoed deur die toekenning van brons-, silwer-, goud-, platinum-, en diamantbalkies.

Die Pietersburg Fotografie Klub poog verder om aan voorskrifte en riglyne van die Fotografiese Vereniging van Suid Afrika (FVSA) asook die Federation Internationale de l'Art Photographique [International Federation of Photgraphic Art] (FIAP) te volg. FIAP is ‘n internasionale liggaam waaraan verskeie fotografie-liggame en federasies regoor vyf kontinente behoort.

Die FVSA is ook lid van FIAP

14. NUWE LEDE & AFDELINGS

14.1. Nuwe Lede

‘n Nuwe lid wat by die klub aangesluit het en waarvan die aansoek om lidmaatskap deur die klub aanvaar is, begin as ‘n 1-sterwerker in elk van die afdeling/s waarin hy verkies om deel te neem.

Die enigste uitsondering op die reël is nuwe lede wat afkomstig van ander fotografiese klubs of verenigings, dienooreenkomstig vorige graderings deur die Bestuur in ‘n spesifieke stergradering geplaas kan word.

In so ‘n geval word ‘n nuwe lid alleenlik in ‘n hoër stergradering geplaas na voorlegging van bewyse van vordering en gradering in sy vorige klub, en/of na voorlegging van die volgende werk vir evaluering deur ‘n komitee van 3 senior beoordelaars deur die Bestuur aangewys, nl.:

- ’n paneel van 12 monochroom digitale beelde; en/of
- ‘n paneel van 12 kleur digitale beelde;
- 2 oudiovisuele panele (OV-reekse).

Die komitee se beslissing en plasing is finaal.
Krediete van goue toekennings in die paneel word egter behou vir die sterklas waaronder die nuwe lid ingedeel word.

15. BEOORDELING & BEVORDERING

15.1. Beoordeling en bevordering t.o.v. foto afdelings

Beoordeling by klub kompetisies geskied deur 'n paneel van aangewese, ervare fotograwe of genooide beoordelaars en behels die toekenning van punte volgens prestasie.

Die stergraderingstelsel van promosie van lede word gebruik en 'n fotograaf/lid vorder in elke afdeling afsonderlik en soos hieronder aangetoon, nl.:

Ster gradering / Klas	Goud of Meriete toekennings verdien (totaal in klas)	Klub punte verdien (totaal in klas)	Salon punte Kumulatiewe totaal v. Salon punte verdien
1 ster	-	-	-
1 ster tot 2 ster	15	50	0
2 ster tot 3 ster	24	84	1
3 ster tot 4 ster	30	120	6
4 ster tot 5 ster	36	132	20
5 ster tot Magister (brons balkie)	50	200	60
s) tot M. (silwer balkie)	50	200	145
M. (silwer) tot M. (goue balkie)	50	200	230
M. (goud) tot M. (platinum)	50	200	315
. (platinum) tot M. (diamant balkie)	70	250	400

15.2. Beoordeling en bevordering t.o.v. oudiovisuele (OV) produksies

Beoordeling van OV-reeks produksies vir klubdoeleindes geskied deur 'n paneel van aangewese, ervare fotograwe of genooide beoordelaars en behels die toekenning van punte volgens prestasie op grond van spesifieke elemente gemeet aan ‘n persentasiepunt.

Ster gradering	Klub toekennings	Salon aannames	Bevorderings kriteria
1 ster	-	-	-
1 ster tot 2 ster	2 Silver of 1 Goud	0	‘n Lid moet weet hoe om sy/haar toerusting te gebruik. ‘n OV-reeks vervaardig en aangebied deur die lid, waarvan een (1) ‘n goue toekenning (66%) verdien het, of alternatiewelik 2 OV-reekse waarvan al twee ten minste ‘n silwer toekenning (60%) in die klub verdien het.
2 ster tot 3 ster	2 Goud	0	2 verskillende OV-reekse vervaardig en aangebied deur die lid, wat elk ‘n goue toekenning (66%) in die klub verdien het. Dit moet voldoen aan die standaard van openbare vertoning
3 ster tot 4 ster	2 Goud	1	2 verskillende OV-reekse vervaardig en aangebied deur die lid, wat elk ‘n goue toekenning (66%) in die klub verdien het, waarvan ten minste 1 daarvan ‘n Nasionale Salon aanname ontvang het.

4 ster tot 5 ster	0	2	2 verskillende OV-reekse vervaardig en aangebied deur die lid, waarvan albei Nasionale of Internasionale Salon aannames ontvang het. Verder moes die lid ook, tot bevrediging van die Bestuur, ‘n bydrae in hierdie spesifieke veld in die klub gelewer het deur lesings, demonstrasies en nuusbriefbydrae.
5	-	-	Dit is die hoogste gradering in klubverband. Indien ‘n lid verder wil vorder behoort hy/sy aansoek by FVSA te doen vir ‘n lidmaatskap.

Beoordeling van OV–reekse word gedoen volgens die FVSA-puntelyste (Sien 21.2), vir 'n OV–reeks. Vir ‘n Goue toekenning moet ‘n slaagsyfer van 66% bereik word onderworpe aan sekere minimum punte in elke afdeling.

Persentasiepunt vir OV-reeks	**Toekenning**
>85%	Meriete
66% - 84%	Goud
60% - 65%	Silwer
50% - 59%	Brons

Ten opsigte van bevordering van 1 tot 2-stervlak vir doeleindes van ‘n OV-reeks moet ‘n lid die beoordelaars oortuig dat hy/sy haar toerusting kan gebruik deur ten minste ‘n silwer toekenning te verwerf, m.a.w. ‘n totale punt van 60% of meer vir die reeks te bereik met voorbehoud dat daar ook aan die minimum punt in elke afdeling voldoen word, soos beoog in B.9.2.

16. PUNTETOEKENNING T.O.V. BEVORDERING

Alle punte en toekennings soos gemeld in 15.1 hierbo, moet verkry word tydens beoordeling in die klub (PFK).

Die klub (PFK) sal net aanvaardings deur FVSA – en FIAP goedgekeurde salonne erken.

Vir doeleindes van bevordering soos aangedui in Klousule 15 hierbo, sal toekennings tydens klubkompetisie beoordeling, sowel as salonaannames, in punte omskep word soos hieronder aangetoon, nl.:

Klub kompetisies:

Toekenning	**Klub punt**
Brons	1
Silwer	2
Goud	3
Meriete	4
Klaswenner	1
Maandwenner	2

Salon aannames:

Toekenning	Nasionaal	Internasionaal
Aanvaarding	1	2
Meriete toekenning	2	3
Afdelingwenner	3	4

17. KLUB BEOORDELING

17.1. Paneel van beoordelaars

Tydens klubkompetisies word beoordeling van foto's deur die paneel van drie (3) beoordelaars gedoen op dieselfde wyse as tydens salonne. Die beeld word beoordeel soos dit aangebied word en word daar nie onderskeid tussen die verskillende sterklasse getref nie.

'n Totale punt uit 30 word deur die paneel toegeken. Elke beoordelaar ken 'n punt tussen 1 en 10 vir 'n werk toe, gebaseer op die volgende elemente in die aanbieding, nl.:

Punt uit 10	Basis vir evaluering en toekenning van punt
1	Diskwalifikasie
3-4	Nie 'n goeie aanbieding nie, met ernstige foute bv. beligting & fokus asook aanbieding.
5	'n Gemiddelde aanbieding met geringe foutjies, bv. aanbieding (beeld is nie skoon nie of die foto is nie skerp nie)
6	'n Goeie beeld en toon gemiddelde tegniese vaardigheid. Beeld is in fokus, beligting korrek en aanbieding is goed. Die beeld kort egter impak en aandag aan komposisie.
7	'n Goeie beeld en toon gemiddelde tegniese vaardigheid soos hierbo. Die beeld toon reeds aspekte van impak en bewys dat aandag aan komposisie gegee is.
8	Uitstekende beeld en kan bo gemiddeld in tegniese vaardigheid beskou word met bo gemiddelde impak asook bo gemiddelde komposisie.
9	'n Buitengewone goeie beeld met baie hoë tegniese kwaliteit en getuig van baie vaardigheid en die beeld het ook sterk impak met baie goeie komponente van komposisie.
10	Hierdie beeld het 'n "*wow*" faktor, met buitengewone impak en hoë tegniese kwaliteit.

Die volgende elemente in die aanbieding word verder as riglyn gebruik om die beeld te evalueer, en moet leiding aan die beoordelaars verleen, nl.:

Elemente	Beskrywing	Toenemende mate van belangrikheid en bydrae van elemente tot puntetoekenning	
Aanbieding	Beelde moet skoon wees en goed aangebied word.		Belangrik by laer sterklasse
Beligting & fokus	Beligting moet korrek wees en fokus moet skerp wees.		

Komposisie	Begrip vir die belangrikheid van lyne, vorm, fatsoen, tekstuur en kleurharmonie.		Minder belangrik by laer sterklasse
Impak	Alhoewel impak subjektief van aard is, sal elemente van "storie-vertelling", gemoedstemming, atmosfeer en emosie bydrae tot die impak. Kreatiwiteit en visuele trefkrag sowel as tegniese kwaliteit.		Meer belangrik by Hoër sterklasse

Indien die individuele punte deur beoordelaars toegeken vir 'n werk met meer as 2 punte tussen die hoogste en laagste telling verskil, kan die Wedstrydsekretaris versoek dat beoordelaars hulle toekenning hersien. Na hersiening is die beslissing van beoordelaars finaal.

Ten einde die integriteit van die beoordelaars en die beeld van die klub te beskerm, het geen lid of deelnemer die reg om die beslissing van die Beoordelaars in twyfel te trek nie, en sal geen lid of deelnemer tydens of na die verrigtinge oor die uitslag kla of negatiewe kommentaar daarop lewer nie. Die lid mag egter na al die beelde klaar vertoon is, wel vrae aan die beoordelaars stel ten einde meer duidelikheid oor die tekortkominge van 'n spesifieke beeld, of algemene aspekte uit te klaar.

Enige opmerkings deur 'n deelnemer sal buite orde deur die Wedstrydsekretaris en/of Voorsitter gereël word, en mag die Voorsitter van die klub besluit om enige toekenning wat aan so 'n lid gemaak, te skrap of die punt verlaag. In die mees uiterste gevalle en indien 'n lid aanhoudend buite orde gereël word, kan die Bestuur die gedrag onbehoorlik vind en die lidmaatskap van so lid beëindig soos bedoel in Klousule 11.3 van die klub se Grondwet.

'n Goeie wenk: Aangesien PFK 'n klub is waar ons almal ons stokperdjie uitoefen, en die beoordelaars ook net lede van die klub is wat sy/haar mening oor 'n beeld gee, word lede aangemoedig om enige ernstige kwelpunte oor die beoordeling, met senior lede en beoordelaars na afloop van formele beoordeling sessie, op 'n meer informele wyse te bespreek.

17.2. Toekennings en diskwalifikasie

Die totale punt toegeken deur die paneel, word herlei vir doeleindes van 'n finale toekenning op die volgende glyskaal afhangende van die verskeie sterklasse, nl.:

Sterklas	**Toekenning gemaak op grond van totale punt uit 30 deur die beoordelaars gegee**				
	Geen	**Brons**	**Silwer**	**Goud**	**Meriete**
1	4-5	6-9	10-17	18-22	23-30
2	4-7	8-11	12-18	19-23	24-30
3	4-10	11-14	15-20	21-24	25-30
4	4-11	12-17	18-21	22-25	26-30
5	4-12	13-18	19-22	23-26	27-30
Magister	4-13	14-19	20-23	24-26	27-30

Die punte beslissing van beoordelaars en toekenning is finaal en word deur die wedstrydbeampte uitgelees.

Indien 'n totaal van 3 punte toegeken word (m.a.w. 1 punt deur elkeen van die

beoordelaars), sal dit beteken dat die beeld gediskwalifiseer is. Indien enige verdere onsekerheid heers of die beeld gediskwalifiseer moet word, sal die Voorsitter die finale besluit gee na raadpleging en gesprek met die beoordelaars.

17.3. Advies en kommentaar

Nadat die toekenning deur die wedstryd sekretaris uitgelees is, mag die beoordelaars kommentaar lewer op die werk ten einde lede te help en sodoende die gehalte van werk in die klub te verhoog.

17.4. Aanwys van klas- en maand wenners

Nadat alle beelde in ‘n Afdeling beoordeel is, sal die beoordelaars na deeglike besinning en koukus onder mekaar, die beste foto’s uit alle beelde wat goue- of meriete toekennings ontvang het, aanwys, nl.:

- ‘n Klaswenner in elke sterklas; en
- ‘n Algehele maandwenner uit die klaswenners van die verskillende afdelings.

‘n Klaswenner verdien 1 addisionele punt en ‘n Algehele maandwenner in ‘n afdeling of sub-afdeling verdien 2 addisionele klubpunte.

18. KATEGORIEË & TOEPASSING

18.1. Kategorieë

Die ses (6) kategorieë waarvolgens beoordeling gedoen word en vordering gemeet word in al verskeie mediums en afdelings, is die volgende:

- Natuur;
- Wilde natuurlewe
- Foto-joernalistiek;
- Portret;
- Ope (toneel);
- Reis; en
- Kontemporêr (abstrak);

En die addisionele kategorie waar geen beoordeling of puntetoekenning plaasvind nie, is Galery.

18.2. Definisies en verdere toepassing

Die definisies en toepassing van kategorieë hierbo in B.6.1 genoem is as volg:

Natuurfoto:

Natuurfotografie word gedefinieer as beelde wat natuurkunde beskryf en wat die natuurlike omgewing waarneem en alle fasette daarvan beskryf, ingesluit botaniese tuine, dieretuine, geologie, sterrekunde, argeologie, ensovoorts. Dit is natuurkunde beelde van diere en insekte, voëls, reptiele, mariene diere/lewe, of plante asook landskappe. Die fotograaf moet kan getuig dat dit ‘n eerlike verteenwoordiging van die onderwerp is.

Menslike elemente mag egter nie in die beeld teenwoordig wees nie, behalwe in uitsonderlike gevalle waar daardie menslike elemente die element van storie vertelling versterk.

Die teenwoordigheid van hals- of ander bande aan diere of voëls m.b.t. wetenskaplike navorsing en/of die merk van diere is egter aanvaarbaar.

Landskappe sluit natuurlandskappe sowel as lug- en seelandskappe in, maar vir hierdie doel moet so 'n landskapfoto nie deur mensgemaakte elemente of mense oorheers word nie. Die natuurlewe moet voorkeur geniet en mensgemaakte elemente moet absoluut in die minderheid wees.

Dit sluit egter beelde in wat natuurkunde in vreemde lande beskryf, en is nie gebonde aan plant- en dierelewe in Suid Afrika nie.

Beelde/foto's met gekultiveerde plante, huisdiere, plaasdiere en ander vee, stillewe studies, gemonteerde diere/insekte, museum-uitstallings word nie geag as natuur foto's nie.

Die gebruik van rame in digitale beelde moet nie steurend wees nie en moet in die algemeen beperk word tot 'n dun raampie wat die beeld net van die agtergrond skei.

Geen digitale manipulasie word in hierdie kategorie toegelaat nie.

Wilde natuurlewe foto:

'n Wilde natuurlewe foto is soos in die geval van Natuur foto's, ook foto's van diere en insekte, voëls, reptiele, mariene diere/lewe, maar met die uitsondering dat dit slegs wilde diere, reptiele, voëls of insekte in hulle natuurlike habitat verteenwoordig. Dit is vrylopende diere wat ongehinderd in sy natuurlike habitat lewe. Dit sluit diere, voëls, reptiele en insekte in wat op wildplase, private bewaring areas en nasionale parke of natuurbewaringsgebiede voorkom.

Dit sluit diere uit wat in dieretuine of rehabilitasiesentrums of aanteelkampe voorkom.

Dit sluit egter foto's in van uitheemse diere, voëls, reptiele en insekte in ander lande, met die voorbehoud dat dit voldoen aan die kriteria hierbo genoem. Foto's in hierdie kategorie is nie gebonde aan wilde natuurlewe in Suid Afrika nie.

Sterk klem word gelê op aksie en storie-vertelling van beelde wat in hierdie kategorie aangebied word.

Geen digitale manipulasie word in hierdie kategorie toegelaat nie.

Die paneel van beoordelaars kan na afloop van enige evaluasie aanvra dat die outeur die feite blootlê waar en onder watter omstandighede hierdie foto geneem is.

Foto-joernalistieke foto:

'n Foto-joernalistieke beeld is 'n beeld met 'n insiggewende of leersame inhoud en/of emosionele impak. Dit moet 'n mate van "nuuswaarde" hê, of dit moet aangebied kan word vir publikasie in 'n tydskrif of koerant. Dit sluit in menslike

interaksie en belangstelling, sport-, dokumentêre- of nuusgebeure in.

Die joernalistieke waarde is van meer belang as die pikturale kwaliteit van die foto. In die belang van geloofwaardigheid mag die foto/beeld geensins afwyk van die waarheid nie, en dus word geen digitale manipulasie toegelaat in hierdie kategorie nie.

Let wel, *"HDR, "Stitching"* en "*Focus Stacking*" word nie in Foto joernalistiek toegelaat nie.

Portretfoto:

'n Portretfoto is 'n beelde wat die karakter en emosie, die persoonlikheid en gemoed van 'n lewende wese (persoon of dier) op daardie tydstip vasvang en uitbeeld, waar daardie wese die dominante onderwerp in die beeld is. Portretfoto's is nie beperk tot die kop en skouers van 'n persoon/persone of 'n dier/diere nie en mag slegs 'n deel van die gesig, die agterkant of selfs 'n vollengte studie insluit.

Digitale manipulasie word wel toegelaat in hierdie kategorie.

Ope (toneel) foto:

'n Ope beeld is 'n algemene foto (ingesluit gemanipuleerde beelde of beelde wat afwyk van die realiteit), wat nie in enige van die bogenoemde kategorieë val nie. Dit is beelde wat 'n "toneel" weergee, hetsy realiteit of gewysigde realiteit ("*altered reality*") en die klem is op die piktorale kwaliteit en kunswaarde daarvan, bo aspekte van geloofwaardigheid.

In hierdie beelde kan die fotograaf van verskillende tegnieke gebruik maak om die beeld te skep, te verander of kreatiwiteit aan die dag te lê, om 'n beeld met hoë piktorale waarde te skep.

Beelde wat in kategorieë val wat egter nie gemanipuleer mag word nie, bv. natuur en reis, maar wel in hierdie spesifieke geval gemanipuleer is, kan ook in hierdie kategorie ingeskryf word.

Reisfoto:

'n Reisfoto is 'n beeld wat 'n reiservaring van die fotograaf beskryf of weergee. 'n Reisfoto moet tyd en plek vasvang, en boonop 'n skets van mense in hulle land, van kulture in hulle natuurlike vorm weergee.

Baie naby foto's ("*close-ups*") wat perspektief van die onderwerp verloor, of foto's van modelle of gemanipuleerde beelde word nie in aanmerking in hierdie kategorie geneem nie.

Soos in die geval van 'n joernalistieke foto, moet 'n reisfoto absoluut geloofwaardig wees en mag die beeld geensins afwyk van die waarheid nie. Dus word geen manipulasie toegelaat nie. Alhoewel die leersaamheid of inligting waarde van meer belang as die piktorale kwaliteit van die foto, is laasgenoemde tog van belang ten einde emosie by die kyker te wek en 'n atmosfeer te skep.

'n Goeie reisfoto moet die kyker wegvoer na daardie plek en tyd waarin die

fotograaf hom/haar bevind het.

Kontemporêre (abstrakte) foto:

'n Kontemporêre foto kan gedefinieer word as 'n beeld wat die gedagte van die kyker stimuleer ten einde die foto en die boodskap daarvan op sy/haar eie manier te interpreteer. Die fotograaf dra die "boodskap" oor deur op 'n kreatiewe manier gebruik te maak van lyne, vorm, kleur, tekstuur ens. Die kreatiewe aanbieding behels soms ook die gebruikmaking van digitale manipulasie.

Alhoewel hierdie kategorie se definisie wyd geïnterpreteer kan word, moet die fotograaf en lede nie uit die oog verloor dat beelde nie so ver van die hooftema van "fotografie" moet afwyk, dat die kyker dit nie as 'n foto waarneem nie.

Galeryfoto:

'n Galeryfoto is enige beeld in enige van bogenoemde kategorieë of enige ander tipe foto wat die fotograaf met die kykers en die vergadering wil deel. Daar is geen beperkings aan hierdie foto's nie, behalwe daardie beperking oor groottes soos elders vermeld in die reëls. (Sien punt 9.1)

18.3. Ander definisies en toepassing Monochroom (swart & wit) foto:

'n Monochroom foto word gedefinieer as 'n swart en wit beeld met baie donkergrys (swart) tot baie liggrys (wit) met variasie van skakerings van grys tussenin. 'n Swart en wit beeld wat totaal getint is in 'n enkele kleur (bv. sepia) sal ook geag word as monochroom beeld.

Aan die ander kant sal 'n swart en wit beeld wat verander is met 'n gedeeltelike tint of die byvoeging van een kleur ("*polychrome*)" geag word as 'n kleurbeeld (kleurfoto) en nie in die monochroom-kategorie mag meeding nie.

19. VORDERING TYDENS BEOORDELING

Beelde vir beoordeling sal net in een gradering tydens 'n maand byeenkoms beoordeel word en vir die fotograaf punte verdien. Goue toekennings in 'n spesifieke sterklas kan nie oorgedra word na die volgende sterklas nie, bv. indien 1 goue toekenning benodig word vir vordering van 1- tot 2- sterklas en die eerste inskrywing verdien 'n goue toekenning, sal verdere goue toekennings nie oorgedra word na 2-ster nie.

20. DUBBELE INSKRYWINGS

Ten einde beoordeling aan te moedig en nie lede wat help met beoordeling te benadeel nie, word spesiale vergunning gemaak dat beoordelaars onder hierdie omstandighede krediet vir sy werk verdien.

'n Beoordelaar wat tydens 'n byeenkoms as beoordelaar opgetree het verdien 3 goue toekennings tydens beoordeling.

Beoordelaars word toegelaat om aan die voorgeskrewe onderwerp deel te neem.

21. FAKTORE BY BEOORDELING

21.1. Beelde

Alhoewel beoordeling geskied soos in Klousule 17 vervat en beoordeling nie op grond van vaste reëls plaasvind nie, kan die ondergenoemde tabel as riglyn gestel word vir sekere minimum vereistes in die verskillende stadia van vordering van ‘n lid, nl.:

Element van evaluasie	Beskrywing van relevante aspekte	Mate van belangrikheid
Aanbieding	Beelde moet skoon wees en goed aangebied word.	Belangrik vir alle ster vlakke
Beligting & fokus	Beligting moet korrek wees en fokus moet skerp wees.	Minimum vereiste vir alle ster vlakke, ingesluit 1-ster vlak.
Komposisie	Begrip vir die belangrikheid van lyne, vorm, fatsoen, tekstuur en kleur harmonie.	‘n Mate van belangrikheid vir 2-ster vlak. Raak meer belangriker vir 3-ster vlak. Minimum vereiste vir 4-ster vlak en hoër
Impak	Alhoewel impak subjektief van aard is, sal elemente van “storie- vertelling”, gemoedstemming, atmosfeer en emosie bydrae tot die impak. Kreatiwiteit en visuele trefkrag sowel as tegniese kwaliteit.	‘n Mate van belangrikheid vir 3-ster vlak. ‘n Vereiste by 4-ster vlak en hoer. Vir 5 ster vlak behoort dit op Salon standaard te wees.

Ten opsigte van spesifieke sterklasse, sal die volgende minimum vereistes geld:

Eenster:

- Fokus en beligting.

Tweester:

- Fokus, beligting en 'n sentrale belangstellings punt (‘point of interest’).

Driester:

- Streng klem op fokus en beligting.
- Bykomend is kleur harmonie en komposisie.

Vierster:

- Bogenoemde, sowel as impak en atmosfeer.
- Tegniese kwaliteit behoort te voldoen aan Nasionale Salon standaarde

Vyfster en Magister:

- Al die voorgenoemde, met die klem op kreatiwiteit en visuele trefkrag.
- Verder moet alle werk onberispelik skoon en professioneel afgerond wees.
- Dit moet voldoen aan Internasionale Salon standaarde.

21.2. Oudiovisuele produksies

Die volgende riglyne word gebruik by beoordeling van ‘n OV-reeks, nl.:

Element van evaluasie	Beskrywing van relevante aspekte	Maks.% punt	Min.% Punt in afdeling waaraan voldoen moet word
Beelde	Kwaliteit van beelde – beligting, fokus, komposisie; Toepaslikheid van beelde – herhaling, gesigshoek, verskeidenheid, afwisseling	35	21
Klank	Kwaliteit van klankbaan , met of sonder kommentaar Kwaliteit van opname – goed gemoduleer, duidelik, goed opgeneem Toepaslikheid en gepastheid	20	12
Opeenvolging van reeks	Verwantskap tussen klank en beelde Effektiewe gebruik & begrip van oudiovisuele tegnieke Titels moet effektief wees en daar moet gebruik gemaak word van oudiovisuele tegnieke Pas van verandering en oorgang van beelde moet wissel met inagneming van die gemoedstemming van die aanbieding Lengte van reeks moet nie te lank & eentonig wees nie Element van storie-vertelling	25	15
Aanbieding & kuns interpretasie	Is die kwaliteit van die aanbieding van die reeks in geheel op standaard, met inagneming van tegniese & kuns aspekte.	20	12
		100%	-
Slaagsyfer en toekenning van ‘n krediet vir OV-reeks			
Slaagsyfer	Vir die OV-reeks om te slaag moet ‘n algehele minimum van 66% behaal word.	66%	
Ander vereistes	Vir die verkryging van ‘n krediet moet 75% van die beoordelaars die OV-reeks laat slaag		

22. OORDRAG VAN SALON PUNTE

Salon punte van lede opgegaar in enige sterklas in enige afdeling (kleur digitale beelde, kleurafdrukke, ens.) word oorgedra na 'n volgende sterklas totdat dit benodig word vir bevordering van die lid.

23. SALON AANVAARDINGS

23.1. Aanmelding.

Die wedstrydsekretaris kry Salonaanvaardings deur Photovault.

Lede wat aan internasionale salonne deelneem moet hulle uitslae aan die

wedstrydsekretaris stuur.

LW: Dit bly die verantwoordelikheid van die lid om sy salonaannames te bewys. NOP moet apart bygesit word deur die aangewese persoon

23.2. Punte toekenning

Enige enkele fotografiese werk of produk mag slegs drie keer punte verdien vir salonaannames in klubkompetisies. Enige aannames van dieselfde werk hierna sal nie punte verdien vir verdere promosies of vir die Einde-van-die-jaar kompetisie nie.

24. OUDIOVISUELE REEKS

'n Digitale Beeld OV-reeks produksie bestaan uit enige aantal digitale beelde, maar 'n minimum van 12, met 'n maksimum tydsduur van 15 minute – wat 'n sentrale tema uitbeeld, maar sonder individuele meegaande titels, en vergesel van 'n klankbaan met kommentaar en/of musiek.

LW: Om vervolging onder die Kopiereg te vermy, moet 'n fotograaf lid wees van die FVSA om in die openbaar musiek van ander kunstenaars te speel as deel van 'n OV-reeks (sien die FVSA se *Handboek van Standaarde).*

Ander voorskrifte en reëls elders hierin vermeld, geld ook vir OV-reeks produksies.

25. MINI-REEKS

'n Mini-reeks is 4 tot 7 foto's wat 'n storie vertel.

26. DEELNAME

Daar word van alle lede verwag om aktief te wees en aktief te bly in klub kompetisies en ander aangeleenthede.

Lede wat nie aktief aan klubkompetisies of salonne deelneem nie, sal nie vir beoordelings doeleindes binne die klub aangewend word nie, aangesien daar van lede verwag om op hoogte te bly van nuwe verwikkelinge en tendense in die fotografie wêreld.

AFDELING C: JAARLIKSE KOMPETISIES

27. JAAREINDE KOMPETISIE

Slegs foto's wat gedurende die betrokke kompetisie jaar by die maandelikse kompetisies ingeskryf is, mag vir die jaareinde kompetisie ingeskryf word en/of in aanmerking geneem word. Beelde wat as Galery foto's ingeskryf is, mag nie vir hierdie kompetisie in aanmerking geneem word nie, tensy dit wel in 'n toepaslike kategorie ingeskryf is en beoordeel is.

Inskrywings vir die betrokke jaar is beperk tot goue toekennings.

In die geval dat 'n werk silwer of brons by die klub gekry het, maar 'n lid besluit dat die beeld wel in aanmerking geneem moet word vir die jaarlikse kompetisie, mag die betrokke werk addisioneel ingeskryf word onder die volgende voorwaarde: 'n Lid se totale aantal inskrywings vir die jaareinde kompetisie mag egter nie die totale hoeveelheid goue toekennings vir die jaar ontvang, oorskry nie. Byvoorbeeld, indien 'n lid 12 goue toekennings en 2 silwer ontvang het, mag hy 12 beelde vir die jaareinde kompetisie inskryf.

28. KLUB TOEKENNINGS

Alle lede ding mee vir die volgende wisseltrofees, wat jaarliks tydens 'n Gala-geleentheid toegeken word, nl.:

Wisseltrofee	Toekenning
Jason Stander Trofee	Beste Junior Foto
Mono Atkins Trofee	Beste 2-3 ster Foto
PFK trofee	Beste Junior Foto - Mono
Bert Polling Trofee	Beste Portret Foto
Allied Trofee	Beste Natuur Foto
PFK Trofee	Beste Wilde Natuurlewe Foto
Review Trofee	Beste Foto Joernalistieke Foto
Unisafe Trofee	Beste Reis Foto
André Visser Trofee	Beste Ope – (Toneel) Foto
EVB Trofee	Beste Landskap Foto
Jason Stander Trofee	Beste Makro Foto
PFK Trofee	Beste Kontemporêre foto
Review Trofee	Beste Mini Reeks
PFK Trofee	Beste Senior Makro Foto
Fotoland Trofee	Beste Senior Kleur Foto
PFK Trofee	Foto van die Jaar
Frans en Wina Smit Trofee	Beste AV Reeks Produksie
André Fourie Trofee	Die Persoon wat die meeste gevorder het in die Klub
Willem Davel Trofee	Mono Fotograaf van die Jaar
Trevor le Roux Trofee	Kleur Fotograaf van die Jaar
Observer Trofee	Voorgeskrewe onderwerp fotograaf van die jaar
Leon Burger Trofee	Salon Kampioen
Paul Venter Trofee	Internasionale Kampioen
Braam en Hannelie Swanepoel	Mees veelsydige Fotograaf
Chairman's Cup	Fotograaf wat die meeste agter die skerms werk gedoen het
Kudu Trophy	Junior Fotograaf met meeste punte, maar geen trofee

Badprop	‘n Senior lid wat ‘n blaps gemaak het
Hugh Exton	PFK Fotograaf van die Jaar

Wenners van wisseltrofees mag, op hulle eie koste, ‘n plaatjie met sy/haar naam en die jaartal waarin dit verwerf is aanbring.

29. KRITERIA VIR SEKERE TOEKENNINGS

29.1. Nuusfoto van die jaar

Die Review wisseltrofee vir die nuusfoto van die Jaar word jaarliks toegeken aan die beste foto-joernalistieke foto/beeld in enige van die mediums.

29.2. Mini-reeks kompetisie

‘n Mini-reeks kompetisie word jaarliks gedurende Meimaand gehou in die geprojekteerde beelde afdeling. Elke lid mag een reeks inskryf.

Die Review trofee word jaarliks toegeken in hierdie geval. Die mini-reeks word as Voorgeskrewe Onderwerp beskou.

29.3. Oudiovisuele produksie

Die Frans en Wina Smit Trofee word jaarliks toegeken aan die lid wat die hoogste persentasie slaagsyfer in ‘n OV-reeks gedurende die jaar binne klub verband behaal het. Die spesifieke OV-reeks moet egter geslaag het, m.a.w. ten minste 66% behaal het.

Waar ‘n lid se OV-reeks ‘n salon aanvaarding gedurende die jaar ontvang het, sal dit addisioneel bydrae tot erkenning vir die jaar kompetisie en word bo enige klub-evaluasie geag.

In die geval waar lede dieselfde persentasiepunt gedurende die jaar binne klub verband behaal het, of dieselfde punte gedurende enige salon, sal hierdie OV-reekse vir doeleindes van die jaar kompetisie weer beoordeel word deur ‘n paneel van beoordelaars deur die Bestuur aangewys.

29.4. Beste fotograwe in afdelings.

Afdelings van toepassing:

- Geprojekteerde beelde (kleur); en
- Geprojekteerde beelde (monochroom) afdeling.

'n Wisseltrofee word jaarliks toegeken aan die lid/lede wat die hoogste punte in elk van bogenoemde afdelings behaal. Voorgeskrewe Onderwerp-inskrywings word as 5-sterklas beoordeel en punte word toegeken net soos vir normale inskrywings.

Punte vir beste fotograaf in bogenoemde afdelings word soos volg bereken:

Prestasies wat erkenning geniet	**Punte toegeken**

Vir elke goue toekenning deur lid behaal in die spesifieke kategorie	3
Vir elke silwer toekenning deur lid behaal in die spesifieke kategorie	2
Vir elke brons toekenning deur lid behaal in die spesifieke kategorie	1
Klas wenner vir sy/haar sterklas, klaswenners kan slegs gekies word uit inskrywings wat ‘n goue toekenning behaal.	1
Maandwenner	2
‘n ekstra punt vir elke 6 goue toekennings word toegeken aan ‘n fotograaf	1

29.5. Salonkampioen

Die volgende wisseltrofee word jaarliks toegeken aan die lid/lede wat deur die jaar die hoogste puntetotaal vir al sy/haar werk met salonne behaal het.

PFK salon kampioen – Die totale punte wat ‘n lid vir salonne behaal het, word saam in berekening gebring.

Slegs lede wat onder die vaandel van PFK aan salonne deelneem, kom in aanmerking vir die betrokke trofee, die SalonKampioen.

Punte vir hierdie trofee sal toegeken word soos volg:

Toekenning	**Punte toegeken vir kompetisie**	
	Nasionaal	**Internasionaal**
Aanvaarding	1	2
Meriete toekenning	2	3
Afdeling wenner	3	4

Salon aannames wat gedurende die betrokke jaar verwerf is, sal in berekening gebring word vir sowel die Salon-kampioen-van-die-Jaar kompetisie as vir die Fotograaf-van-die-Jaar kompetisie.

Enige fotografiese werk of produk mag slegs drie keer salon aannames punte verdien vir bogenoemde trofeë (sien 23.2).

'n Amptelike salon register word gehou deur die Wedstrydsekretaris wat deur die Bestuur aangewys is. Alle Nasionale en Internasionale Salon aannames van PFK-lede sal in die register aangeteken word en daar sal rekord gehou word van die volgende inligting in elke afdeling:

- Naam van lid;
- Naam, plek en datum van Salon;

- Titel van aanvaarde beeld/foto;
- Besonderhede van spesiale toekennings, bv. goue medalje, eervolle vermelding, ens.

Salon aannames wat gedurende die betrokke kompetisie jaar verwerf is, sal in berekening gebring word vir die salon kampioen- sowel as die Fotograaf-van-die-Jaar kompetisie.

Daar is ‘n beker vir die meeste Internasionale Salonne.

29.6. PFK Fotograaf van die jaar

'n Wisseltrofee word jaarliks toegeken aan die lid wat deur die jaar die hoogste puntetotaal vir al sy/haar werk in geheel behaal het.

Alle werk in al die afdelings asook salon werk van ‘n lid, word gesamentlik in aanmerking geneem vir die toekenning van hierdie trofee.

Punte vir hierdie trofee sal toegeken word soos volg:

Prestasies wat erkenning geniet	**Punt toegeken vir die kompetisie**	
Vir elke goue toekenning deur lid behaal in die klub kompetisies	3	
Vir elke silwer toekenning deur lid behaal in die klub kompetisies	2	
Vir elke brons toekenning deur lid behaal in die klub kompetisies	1	
Vir elke maand wenner van		
Klaswenner	1	
Maandwenner	2	
Vir elke 6 goue toekennings deur lid verwerf in die jaar	1	
Vir salonne:	*Nasionaal*	*Internasionaal*
Aanvaarding	1	2
Meriete toekenning	2	3
Afdeling wenner	3	4
Vir elke OV produksie wat 'n goue toekenning, m.a.w. meer as 66%, behaal het	2	

29.7. Voorgeskrewe onderwerp wenner van die Jaar

'n Wisseltrofee word jaarliks toegeken aan die lid wat deur die jaar die meeste puntetotaal vir al sy/haar werk behaal het in die maandelikse kompetisie m.b.t. die voorgeskrewe onderwerpe.

Punte vir hierdie trofee sal toegeken word soos volg:

Prestasie wat erkenning geniet	**Punt toegeken vir die kompetisie**
Vir elke goue toekenning deur lid behaal in die klub kompetisie	1
Vir die wenner van elke maand se voorgeskrewe onderwerp	2

29.8. Toekennings vir beste beelde: Junior en Senior ster klas wenners.

Aan die einde van die kompetisie jaar sal alle inskrywings wat 'n goue toekenning verwerf het, beoordeel word ten einde die beste foto in die verskillende afdelings.

Beoordeling word deur 'n paneel van drie (3) beoordelaars gedoen wat deur die Bestuur aangewys word. Die Bestuur sal poog om onafhanklike en eksterne beoordelaars (beoordelaars wat nie lede van die klub is nie) aan te wys sover moontlik.

29.9. Toekennings vir beste beelde:

Beste beeld in elke kategorie asook algehele wenners

Aan die einde van die kompetisie jaar sal alle inskrywings wat ‘n goue toekenning verwerf het, beoordeel word ten einde die beste foto in die verskillende afdelings te kies.

Beoordeling word deur 'n paneel van drie (3) beoordelaars gedoen wat deur die Bestuur aangewys word. Die Bestuur sal poog om onafhanklike en eksterne beoordelaars (beoordelaars wat nie lede van die klub is nie) aan te wys sover moontlik.

29.10. Mees veelsydige fotograaf

Die Braam en Hannelie Swanepoel Trofee word jaarliks toegeken aan die lid wat deur die jaar in alle fasette van die klub deelgeneem het en presteer het.

Die deelname is hetsy by wyse van deelname en toekennings in verskeie mediums (bv. afdrukke, geprojekteerde beelde, OV produksies, salonne ens.), maar ook sy/haar betrokkenheid by ander klub aktiwiteite en sosiale geleenthede, soos kongresse, fondsinsamelings, maandelikse byeenkomste en ander uitstappies. Lede wat PFK se naam nasionaal en internasionaal uitdra is ook van belang.

Die toekenning word met die diskresie van die Bestuur gedoen, en waar moontlik in samewerking met die skenkers van die trofee.

29.11. Beste vordering in die klub

‘n Trofee word jaarliks aan die lid toegeken, verkieslik ‘n junior lid (1 of 2 ster) wat die beste vordering in die klub getoon het. Die vordering in ster vlak dien as grootste kriteria vir toekenning van hierdie trofee, maar deelname aan salonne reeds op junior vlak sal as bykomende kriteria dien.

29.12. Kudu Trofee:

Junior 1-3 sterklas met meeste punte wat geen ander toekenning ontvang het nie.

29.13. Chairman’s Cup:

Die trofee word deur die diskresie van die Voorsitter toegeken aan die persoon wat die meeste “Agter die skerms” werk vir die Klub gedoen het, deur die jaar.